



KAMMANUUS

Nommer 297

31 Januarie 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Reën en water en stories oor reën

Jy het seker al die enetjie oor die ene in die pos gesien maar aangesien ek juis die jaar op die 1ste van die 11de maand van 2011 verjaar, deel ek dit graag met almal. Die jaar gaan 'n hele paar datums hê wat spog met 'n klomp ene. Hier is hulle: 1-1-11; 11-1-11; 1-11-11; 11-11-11 en dan die 11de kersie op die koek: As jy die laaste twee syfers van jou geboortejaar neem en dit bytel by hoe oud jy dié jaar gaan word of geword het, dan sal die som 111 wees. Dis nou behalwe as jy na 1999 gebore is!

Dan is dit ook duidelik vir my dat dit die jaar van die waterdraer gaan wees. Hy kan maar rus en net hout hak, want water gaan daar oorgenoeg wees, of wat praat ek als?

Toe ons Dingaansdag in Suid-Afrika aankom en so afsak oor Oom Oliver se lughawe, was daar skaars plek om te land, net water waar jy kyk. Ons moes 'n paar draaie lank in die lug 'parkeer' voor ons kon land en dit het my lekker kans gegee om te sien hoe nat en groen die wêreld is.

Toe ons oor die Hartbeespoortdam vlieg, het ek my verbeel ek sien 'n paar manne aan 't ark bou. In die Kaap geland, was dit net so nat. Ook al die pad tot ons die slag Beaufort-Wes nader. Die son skyn helder warm.

Daar gestop, vra ek die petroljoggie of hulle nog droogte het en waar mens jou vyf liter waterskenking kan aflewer. Hy draai om en vra sy maat: "Die lanie wil weet waar hy sy water kan aflaai." Die ander man staan somer nader en praat self met my. "Minee", hierdie klomp sondaars sal altyd dors bly. Dis oor hulle se sondes wat ons almal nou nog steeds swaarkry. Sal minee' my glo, hulle verkoop weer daai water wat hulle viniel kry annie mense!"

Noem my maar ingat, maar net daar besluit ek toe ek vat maar liever my ekstra vyf liter saam. Die water daar in Richmond smaak hoeka so bietjie baie brak.

Dié keer kry ons toe kans om uiteindelik vir Retha en Schalk (So Maak Mens) te gaan kuier by hulle *oewerkaia* naby die Havengabrug daar langs die Oranjerivier. Dis net onderkant die Gariepdam en glo die skoonste water wat jy in Suid Afrika kry.

Wat 'n pragtige uitsig, watter pragtige mense!

Vra ek toe soos 'n nat kombars en 'n wafferse Siener van Rensburg vir Schalk of hy nie sy huis te na aan die rivier gebou het nie. Met dié dat dit nog so baie gaan kom reën. Wys hy my toe waar die 1988 se honderdjaar-vloedlyn nog so 'n hele paar meter af teen die wal sy merke gelos het.

Ek dink onwillekeurig terug na 'n nag daar naby Nieuwoudtville in my dae as veldassistent vir De Beers. Slaan mos my tent op so lekker in die skaduwee van 'n boom naby 'n droë lopies. Ignoreer die aanmaning van die prospekterder wie se woonwa hoog en droog in die son staan en bak.

Lekker gebly tot dit kom reën. Onthou nog hoe ek wakker word en sien hoe dryf my yskassie in die verste hoek van die watergevulde tent. Omtrent als verloor en my skottelgoed myle ver loop en optel toe die water sak. My hoenders se mielies het daarna met so 'n streep opgekom al langs die lopies af.

Nou sien ek op Retha se vleisboek dat daai einste *oewerkaia* van hulle nou die dag met sy fundamente in die water gestaan het. Die ou mense se jy moet kyk waarheen loop die skilpaaie. As dit droog is, loop hulle afdraand, op soek na water. Op pad Mosselbaai toe het ek 'n hele paar skilpaaie gesien die pad oorsteek. Hulle was almal op pad hoogtes toe, weg van die water wat nog kom. Ja, dit gaan 'n nat jaar wees, en 'n baie koue winter.

Dus kan 'n mens weer voorspel omdat die Boesmans so baie hout bymekaarmaak. Maar dis weer 'n hele storie op sy eie.

Hennie en Annabelle Greeff
Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



Kampvuurstories

VREEMDE WETTE

Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.

In VERMONT is dit onwettig om jou neus te krap en die krapsels onder die tafel te plak.

In TENNESSEE mag jy nie vir 'n roker sê hy moet ophou nie.

In OREGON moet die gaatjies in donuts minstens 1/8ste duim in deursnit wees.

In SUID-CAROLINA mag ongetroude mans nie eetbare vrouebroekies koop nie.

Net in Suid-Afrika!



- Swak besluite maak goeie stories.
- Hoe vou jy 'n paslaken?

UNIEKE PAARTJIE



Owen is 'n seekoeitjie wat 300 kg weeg. Hy is in Kenia deur 'n rivier seewaarts gespoel en toe deur 'n tsoenami op die strand uitgespoel, waar wildwagters hom gered het.


Nou het die jong Owen 'n mannetjieskilpad wat omtrent 100 jaar oud is aangeneem, en dit lyk of die skilpad heel tevrede is om moeder te speel.

Hulle swem saam en slaap saam, en die seekoeitjie volg die skilpad waar hy gaan, net soos hy met sy eie moeder sou gedoen het.

As iemand nader aan die skilpad gaan, word Owen aggressief - asof hy sy biologiese ma beskerm.

Hy was nog baie jonk toe hy sy ma verloor het. Seekoeie is sosiale diere wat daarvan hou om by hul moeders te bly totdat hulle vier jaar oud is, het die ekoloog Paula Kahumbu gesê. Sy is in bevel van die Lafarge-park in Kenia.

Wenke as 'n haai jou aanval



1. Bly weg van die see

Meer as 99% van haai-aanvalle gebeur in groot watermassas, ook bekend as oseane. As die water sout proe, is jy in 'n osean.

2. Swem langs vet mense

Jy sal vinniger as hulle kan swem en jou kans op oorlewing verbeter.

3. Sonbrandroom

Vervang die sonbrandroom van die ouens naby jou met een wat na braaivleis ruik.

4. Vat 'n mes saam

Moenie sonder 'n mes swem nie. Steek die ou naaste aan jou as jy 'n haai sien. Swem vinnig weg sodra hy goed bloei.

5. Luister mooi

Elke haai het 'n temaliedjie. As jy die volgende hoor, moet jy vir jou lewe swem: Da-dam, da-dam, da-dam. As dit vinnig klink - soos dadam, dadam - is dit waarskynlik reeds te laat.

6. Moenie paniekerig raak nie

Bly kalm as 'n haai jou beetkry. Jou lot is in elk geval beseël en oorlewing is nie meer 'n opsie nie. Die ander mense op die strand hou niks van iemand wat soos 'n mal mens skree en tekere gaan nie. Dis net nie aangenaam nie. Dink aan die kinders, idioot!

Adam het Eva blameer, en Eva het die slang blameer. En die slang het nie 'n voet gehad om op te staan nie.



Petronella

PRAAT PADLANGS

Skop, skiet en doodslag in Sutherland

En nou is Kurt en Bobby getroud, en was dit nou nie vir jou troues wat verdien om genoem te word nie. Kurt wat soos die bruid gelyk het met sy blommebaadjie, of was dit nou soos die blommemeisie? Bobby s'n, totaal die teenoorgestelde, pragtig in eenvoud. Die klem op dit wat belangrik is en wat gaan saak maak oor twintig en meer jaar later. Geluk aan altwee. Mag julle vir jare en jare 'n voorbeeld vir jul aanhangers wees.

My opregte jammer aan Deon Meyer wat ek laas met Deon Opperman verwar het. Gelukkig het ek die man met 'n ewe talentvolle skrywer verdraai. Albei skrywers wat lesers en kykers genaai hou aan hul boeke of televisiestelle.

Wat kan gesê word oor ons krieket, ons het die Indiërs gewen met net die velle aan ons basse oor. Wat gaan die Wêreldbeker toernooi vir ons inhou? Min boulers en 'n bestuur wat uit die bus uit val. Kan iemand nie weer probeer om die ander spanne om te koop of iets nie? Dit gebeur mos nou gereeld.

Binnenslands het die minister van arbeid gedink sy gaan die boere (ek gebruik dit as die term wat na die mense wat die grond bewerk en die beste en skape in die krale jaag verwys) aan die slaap vang. Min het min. Oliphant gewet hulle slaap nog minder as gewoonlik oor Krismis. Haar omstrede arbeidswet het die unies en die besigheidsektor aan die gons. Soos een kenner dit tereg stel: Ek twyfel of sy ooit gedink het wat haar voorgestelde wet vir die regering gaan beteken? Ek kan ook maar net my kop laat sak en sug. Vloek help nie en om teen die donder te skreeu maak 'n man se keel seer.

Ons eie skop, skiet en doodslag in Sutherland. Die wêreld onder in die Kaap raak erg benoud. 'n Gawe paartjie, die twee Franse. Wou kom cowboys en kroeks speel hier onder Suid toe looi die poliste hulle met 'n paar granate en dinge.

Anni Dewani se raaisel? Gaan ons ooit uitvind wat die waarheid agter die storie is? Nou is die man siek en die res wat hom na bewering gehelp het, loop met 'n paar nuwe skoene rond en wens hulle kan weer paartie gooi soos die aand ná die beweerde moord. Ai mense, ons skryf komedies hier in die land van ons.

Jonge heer Malema se stof het nog nie gaan lê nie. Hy moet nou opdok vir 'n klomp regs-kostes oor hy so lekker loop en sing het. Maar hy sing nog steeds sy eie deuntjie. Weier glo om jammer te sê. Gaan besoek gerus die Facebook-bladsy wat steun werf om sy draadjie kort te knip en kort te hou.

Die Engelse het nou bevind dat 'n kwart Disprin 'n dag die dokter langer laat wag. 'n Lang lys van goed waarvoor die klein wit pilletjie help. Iemand moet asseblief die artikel in Chinese vertaal en dit aan die Chinese pers deurlek. Dalk help dit om te verhoed dat hulle nog meer renosterhorings soek om hul kwale en tekorte mee te probeer dokter. Iets moet ons nou doen oor die renoster slagting wat net groter en groter word. Alle voorstelle sal oorweeg word, stuur asb. aan, ons sal dit by die regte mense uitkry.

Gifappeltjie, dis nou ons liewe minister van verdediging, Sisulu Chindiwe, het die bykans 4 000 nuwe weermagrekruite welkom geheet tydens 'n onlangse inname. Het die ouers en voogde verseker dat sy mooi na ons jong bloedjies sal kyk. Hulle gaan twee jaar vrywillige diens doen. Hoop nie sy laat hulle so verdwyn soos sy die weermagbegroting laat verdwyn nie.

Vir probleme waarvoor jy nie antwoorde op Ons Dorp se web bladsy kry nie gaan kyk asb. na dominee Pieter Fourie se Facebook-bladsy. Die bladsy sal seker binnekort nie meer daar wees om na te kyk nie. Maar gelukkig sal ds. Daan Grobler goeie kommentaar lewer in "Die oop gesprek" in *Rapport*. Dit was nou 'n artikel wat julle moet lees.

POLISIE SE SÊGOED

"Ontspan, die boeie is bietjie styf. Hulle word slapper as jy hulle vir 'n rukkie aangehad het."

"As jy probeer weghardloop, gaan jy net baie moeg wees wanneer jy in die tronk beland."



Uit die wakis

Moenie met ou tannies sukkel nie!

Die ou tannie het straataf geloop en twee groot plastieksakke agter haar aangetrek.

'n Polisieman het haar gesien, en stop haar. "Mevrou, daar va R20-note uit jou sak."

"Regtig? Vervlaks!" sê sy. Dankie dat jy my gewaarsku het. Ek sal moet terugdraai om dit op te tel."

Polisieman: "Nie so haastig nie. Waar kry jy al die geld? Het jy dit gesteel?"

Tannie: O, nee! Jy sien, my agtertuin grens aan die sokkerveld se parkeerterrein. Op wedstryddae kom baie van die ondersteuners en pie deur die gat in my heining, op my blomme.

"Dit het my baie ontstel, want ek bestee baie tyd aan my tuin. Toe kry ek 'n slim plan. Nou staan ek op wedstryddae stilletjies by die gaatjie in die heining. Elke keer as 'n man sy ding deursteek, gryp ek dit vas en sê: 'Het jou! Betaal my R20, of ek sny dit af!'"

Die polisieman het uitgebars van die lag. "Wel, dit klink vir my regverdig," het hy gesê. Terloops, wat het jy in die ander sak?"

"Wel," sê die tannie, "nie almal betaal nie . . ."



'n Ware wynkenner

Die toetsers in die alkoholfabriek het gesterf en die direkteur was op soek na 'n nuwe een.

'n Dronkie met 'n verslonste, vuil voorkoms het aansoek gedoen. Om van hom ontslae te raak, gee die direkteur se blonde sekretaresse toe vir hom 'n glas wyn om te proe.

Die man het 'n mondvol geneem, en gesê: "Dis 'n cabernet, drie jaar oud, noordelike hang, twee jaar in hout."

"Dis korrek!" roep die direkteur verbaas uit, en sy sekretaresse gee die man nog 'n glas.

"Shiraz. Suidelike hang. Ses jaar oud, die jaar in eikehoutvate."

"Korrek!" Die direkteur was verstom en wink sy blonde sekretaresse eenkant.

Sy bring toe vir die man 'n glas urine, en die alkoholis proe dit.

"Blondine, 26 jaar oud. Sy is drie maande swanger," sê hy. "En as julle my nie aanstel nie, gaan ek vir almal sê wie die pa is!"

GHOLFPELERS

IN 'n onlangse studie is gevind dat gholfspelers jaarliks ongeveer 1 600 kilometer ver stap.

Nog 'n studie het bevind hulle drink ongeveer 400 liter alkohol per jaar.

Dit beteken hulle haal 4 km per liter.

Laat 'n mens nogal trots voel op hulle.



Frase van die week: Iemand met die nek aankyk

Uit die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

Iemand minagtend of onvriendelik behandel: Meer as een Engelsprekende is met die nek aangekyk omdat hy net die rooitaal kan gooi (Boerneef:

Sketsboek, 1947, 28).



Giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

IERSE HUMOR

Paddy en sy vrou lê in die bed terwyl die bure se hond blaf dat hoor en sien vergaan.

Ná 'n ruk sê Paddy: "Te hel hiermee, ek het nou genoeg gehad!" en hy storm uit.

Vyf minute later is hy terug in die kamer. "Wat het jy gedoen?" vra sy vrou.

Paddy antwoord: "Ek het hom in ons erf gesit. Kom ons kyk of die bure nou van sy geblaf hou!"


STOKKIESDRAAI

Oupa aan kleinseun:

"Gaan kruip weg, jou onderwyser is op pad om te kom kyk hoekom jy nie by die skool is nie!"

Kleinseun: "Oupa moet gaan weggkruip, want ek het gesê oupa is dood!"

OP DIE SKOOLREÛNIE



"Psst! Het jy gehoor hier is een tannie wat nog nooit kosmetiese chirurgie gehad het nie!"

KERKBORD

**Praat goed van jou vyande:
Jy is die een wat hulle
gemaak het.**

DUUR ROK

Die pa kla oor die yslike spul geld wat hy vir Sus se rok vir die matriekafsked moet betaal.

"Vir 'n rok wat jy net een keer gaan dra! En kort voor lank moet ek wéér hoes vir 'n trou-rok!"

Sus: "Ja, maar pa moet onthou: Daar is net één matriekafsked in jou lewe – ek kan altyd twee of drie keer trou!"

Om 'n ingenieur te word, moet jy baie kennis hê.

Om 'n politikus te word, moet jy baie mense ken.

**Red die Aarde.
Dis die enigste planeet met
sjokolade.**

DIE LORRIEDRYWER EN DIE BLONDINE

'n Langafstand lorriedrywer hou by 'n kafee langs die pad stil en plaas sy bestelling. Hy sê: "Ek soek drie pap bande, 'n paar kopligte en twee trapplanke."

Die kelnerin was jonk, nuut en blond en sy wou nie onnosel klink nie, toe gaan vra sy vir die sjef wat dit alles beteken. "Ons handel mos nie in onderdele nie?" sê sy.

"Nee," sê die kok. "Drie pap bande is drie pannekoeke, 'n paar kopligte is twee gebakte eiers wat nie omgedraai is nie en die trapplanke is skyfies spek."

"O, nou verstaan ek!" roep die blondine. Sy dink so bietjie, maak 'n blik sousbone oop, sit dit op 'n bord en neem die vir die drywer.

"En waarvoor is die sousboontjies, Blondie?" vra hy.

"Wel," sê sy, "ek het gedink terwyl jy wag vir jou pap bande, jou kopligte en jou trapplanke, kan jy net sowel brandstof inneem!"

Klink of die blondine hierdie ronde gewen het. 😊

BC deur Mastroianni en Hart



Kyk na die saak se positiewe kant



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oop konfyttertjies en meer

OOP KONFYT TERTJIES (1895) Hierdie resep het later die bekende JAN SMUTS KOEKIES (vulsel 1) en HERTZOGGIES (vulsel 2) geword!!

1	pd Botter	2 k ingedruk	450 g - 474 g	
½	pd Meelblom	2 k losvol	225 g - 228 g	
½	Suurlemoen se sap	2 e/ 30 ml		
1	Eier			
	appelkooskonfyt. Meng ¼ vd botter, die meel, bs. bestanddele en nog bietjie water (soos benodig word) tot 'n rolbare deeg. Rol dun uit. Rasper nou die res van die botter oor, OF versag dit tot smeerbaar, en smeer oor die uitgerolde deeg. Rol die deeg op. Rol weer dun uit. Herhaal oprol en uitrol nog 2 maal. Laat deeg ten minste 1 uur rus voor gebruik. Voer kolwyntjie pannetjies uit met b.s. skilferkors deeg. Skep in elkeen 1 tl appelkooskonfyt			
VULSEL 1	(JAN SMUTS KOEKIES!)			
2	Eiergele			
1	Eierwit	4 e / 60 ml	56.7 g	
1	EIER se GEWIG botter (2onse)	4 e / 60 ml		
1	EIER se GEWIG suiker			
	Klop eiergele, eierwit, botter en suiker tot romerig. Skep bo-op konfyt in elke tertjie. Bak vir sowat 20 minute in warm oond. Laat afkoel.			190° C
VULSEL 2	(HERTZOGGIES!)			
4	Eierwitte van groot eiers			
1 en 2/3	EIER se GEWIG botter (sowat 3 onse)	100 ml	75 g	
5	Etñ fyn gedroogde klapper	50 ml		
½	tl Vanilla geursel	2 ml		
	Klits eierwitte tot droog.Vou res van bestanddele liggies daarin.Skep 'n desertlepel daarvan bo-op konfyt. Bak vir sowat 20 minute in matige-warm oond. Laat afkoel.			180° C

KORSIES en KRUMMELTJIES:

* 1 oz = 2 e = 28.35 g

* Hoe is die volume/mate van 'n onreëlmatige voorwerp soos 'n eier bepaal? Gooi 'n regop glas ¾ vol water, maak 'n merkje, plaas die heel eier nou in die water, maak weer 'n merkje tot waar die water nou gestyg het. Die hoeveelheid tussen die 2 merkies is dus die inhoudsmate van die eier.

* Die gemiddelde gewig van 'n groot eier = 60g

* Sap van 1 suurlemoen = 3 - 3 ½ e = 45 ml - 50 ml

* By http://www.onsdorp.com/somaakmens/nuttige_info.html kan jy nuttige omskakelings tabelle en meer aflaai.

STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na **Onsdorp** www.onsdorp.com/stamboom

Jy sal die wagwoord **boomstam** moet gebruik om toegang te verkry.

COETZEE villene.a@gmail.com

Ek soek na 'n dame wat in 1947 gebore is. Een van haar name is Magdalena Coetzee, waarskynlik destyds van Pretoria. Sy het 'n baba gehad op 26 September 1961 en hy was geregistreer as JOHANNES COETZEE, maar is vir aanrening gegee. Ek wil graag dringend met haar kontak maak. Sy is moontlik intussen getroud en het waarskynlik ander kinders. Die baba is in Pretoria aangeneem en is geherregistreer met die naam Willem Herklas vd Westhuizen.

GRUNDLINGH grundy@telkomsa.net

Ek is op soek na die ouers en eggenoot van Margaretha Elizabeth Aletta gebore 21.12.1824, oorlede 11.6.1861. Sy was vermoedelik getroud met Johannes Jacobus Griesel.

MYBURGH hannes@kaboo.co.za

Ons soek na ons oupagrootjie Johan Diederik Myburgh, geboer op plaas Swartklip, Koppies/Parys. Sy vrou was Maria Magdalena Swart, niggie van pres. C.R. Swart. Sy pa was Gert Myburgh.

SWART nswart@xstratacoal.co.za

Soek meer inligting oor die Swart-familie in die Witbank/Bethal/Middelburg omgewing. My oupa was Nicolaas Jacobus Swart gebore 06/12/1903 oorlede Julie 1975/6 begrawe in Witbank. My pa-hulle was 12/13 kinders. Van die name wat ek kan onthou was Casper, Hans, Thys, Frans, Tannie Pop, Tannie Cillie. My pa was Nicolaas Jacobus Swart gebore 11/07/1933 oorlede Augustus 2005. Ek is besig met die stamboom en soek meer inligting. Van die neefs/niggies het in Bethal gebly en hulle pa se naam was Koos Swart hy het by doe OTK gewerk en sy pa was Thys, een van my oupa se broers

VAN RENSBURG dudleyvanrensburg@absamail.co.za

Ek is die oudste seun van Jan Lodewikus van Rensburg (ook bekend as Jannie / Jan Bles van Postmasburg. Ons het geen inligting oor sy herkoms nie, maar weet dat oupa 'n apteker was en later in Vryburg-omgewing geboer het. Oupa was 'n Jansen Van Rensburg, maar het sy seuns kortweg Van Rensburg gedoop. Ouma is ná oupa se dood met meneer Kootzen getroud. Miskien kan iemand my help met die plant van hierdie boom.

MAXINE



Die verskil tussen die pous en jou baas is dat die pous net van jou verwag om sy ring te soen.

IN SY NOPPIES

"Hy is in sy noppies" is een van die oudste uitdrukkings in Afrikaans - maar waar kom dit vandaan? Wat is 'n noppie?


Die etimologie woordeboek sê die Hollanders het hom uitgedink nog voordat ons gebore is: in die 17e eeu. Noppe -- wolvlok; Nederlands "in zijn nopjes".

In klere met noppies; in klere wat nog nie blink geslyt is nie; in fine feather.

Kritzinger se Spreekwoorde sê dis "baie gelukkig en tevrede".

En ons praat natuurlik ook van gras se nop: die manier waarop die spriete lê nadat dit gesny is: Die nop van die gras.

Nou weet ons almal!



DARWIN-PRYSE

Die Darwin-pryse word jaarliks toegeken aan mense wat hulself op die vreemdste manier uit die genepoel verwyder het.

Die nominasies vir 2010 is:

Nr. 1: (*San Jose Mercury News*): 'n Ongeïdentifiseerde man het 'n haelgeweer gebruik om sy gewese meisie se voorruit te breek. Die geweer het afgegaan en hom dodelik gewond.

Nr. 2: (*Kalamazoo Gazette*): James Burns (34), 'n werktuigkundige van Alamo, is in Maart dood toe hy probeer het om 'n vragmotor te herstel.

Hy het 'n vriend gekry om op die hoofweg te ry terwyl hy onder die lorrie lê om te kyk wat die vreemde geraas veroorsaak.

Burns se klere het aan die brand geraak, en hy is later gevind waar hy "om die dryfas gedraai was."

STAAN BY VIR NOG!

AGTEROS

Die vernedering van swembroek koop

"Die bonus is dat as jy jou lyf in 'n Lycra-baaibroek kan inwurm, dit sommer ook jou organe teen 'n haai-aanval beskerm."

Ek het pas die jaarlikse marteltog wat jou tot in die afgrond verneder, agter die rug. Ons praat hier van Swembroek Koop.

Toe ek 'n kind was, was baaibroeke vir grootmens-tannies spesiaal ontwerp vir vroue met 'n volwasse lyf.

Met al die baleine, ondersteuning en versterking was dit eintlik meer ingenieurswonders as kledingstukke.

Hulle moes als bymekaar hou en oplig, en dit het gewêrk.

Vandag se swembroeke van rek-lap is eintlik bedoel vir meisiekinders wat nog nie hul puberteit bereik het nie, en wie se lyfies lyk of dit fyntjies uit marmar gebeitel is.

Vroue met volwasse lywe het nie juis 'n keuse nie. Hulle moet by die kraamklere-afdeling gaan toustaan en geblomde affêres met rompe aanpas sodat hul kan lyk soos die seekoeie in Walt Disney se "Fantasia".

So nie moet hulle maar by die rakke met gewone swembroeke rondsnuffel en kyk watter van die stukkies rubberrek in glimkleure hulle die minste sleg pas. Wat kon ek doen? Ek het maar rondgesnuffel.

Ek het een uitgekies en in die martelhokkie, ook bekend as die aanpaskamer, verdwyn.

Wat my eerste oor die baaibroek opgeval het, was die ongelooflike treksterkte van die rekmateriaal.

Ek dink die Lycra wat in swemklere gebruik word, is deur NASA ontwikkel om klein vuurpyle met ketties te lanseer.

Die bonus is dat as jy jou lyf in 'n Lycra-baaibroek kan inwurm, dit sommer ook jou organe teen 'n haai-aanval beskerm: enige haai wat dom genoeg is om aan jou middellyf te probeer hap se kakebeen sal deur die terugspringaksie afgeruk word.

Ek het my in die eerste swembroek ingewurg, maar toe ek die laaste klein skouerband oorhaak, skrik ek my boeglam.

My boesems was skoonveld!

Ek kry toe eindelijk die een, onder my linkerarmholte. Na 'n rukkie toe kom ek ook op die ander een af: platgedruk teen my sewende ribbebeen.

Dis oor vandag se swembroeke nie 'n ingeboude bra het nie. Die volwasse vrou is veronderstel om haar borste oor haar borskas uit te spreid tot dit soos 'n spoedwal lyk.

Ek het my spoedwal gerangskik en weer in die spieël gekyk.

Die swembroek het gepas.

Maar ongelukkig het dit net dié dele van my gepas wat bereid was om binne te bly. Die res van my het oral uitgepeul.

Ek het gelyk soos 'n stuk klei wat in 'n te klein vel kleefplastiek toegedraai is.

Toe ek nog so staan en wonder waar al my ekstra dele dan vandaan kom, het die verkoopvrou om die gordyn kom loer: "O, daar's julle almal." "Ja, dis almal ek," het ek geantwoord terwyl ek my ekstra dele so bekijk.

"Het julle nog iets wat ek kan aanpas?"

Ek het so 'n roomkleurige een van gekreukelde materiaal aangepas.

Dit het my soos ontwerperskleefband laat lyk. 'n Geblomde tweestuk het my soos 'n oorgroot servet in 'n servetring laat lyk.

In die luiperdpatroon-eenstuk met die valletjiesrand het ek gelyk soos Tarzan wat met die verkeerde voet uit die bed geklim het. Die deftige swart baaibroek met die middellyf van netmateriaal het my laat lyk soos 'n jellievat wat rou.

En die pienke?

Sy bene was so hoog gesny dat ek my wenkbroue met was sou moes verwyder as ek

dit wou dra!

Uiteindelik het ek een gekry wat pas. 'n Tweestuk met 'n kortbroek-styl onderste en 'n halternektop..

Dit was goedkoop, gemaklik en het mooi gemaak met my knoppe en bulte.
Ek het dit gekoop.

By die huis het ek die etiket gelees: "Materiaal kan deurskynend raak in water."
Maar dra gaan ek dit dra.

Ek moet net eers leer hoe om op droë grond borsslag te swem.

**Jou volgende KAMMANUUS verskyn op 14 Februarie en
die een ná hom op 28 Februarie, en dan weer op
14 Maart DV.**